# Blouligbende dalk by sakeman se skietdood betrokke


5 uur.

Anja van der Merwe
NETWERK24



Sterk leidrade dat die sogenaamde blouligbende moontlik betrokke is by die moord op Johan Cowan, 'n sakeman van Middelburg, word ondersoek.

Cowan (49) se lyk is op Sondag 16 Junie vroegoggend in 'n wit Hilux-bakkie by die Snakeweg-afrit op die N12-snelweg in Benoni aan die Oos-Rand gevind. Hy het twee skietwonde gehad.



Johan Cowan Foto: Facebook/HTS Middelburg Oudskoliere

Morney Vos, leier van die taakspan van Mike Bolhuis se Specialised Security Services wat die moord op Cowan ondersoek, sê positiewe inligting is ontvang dat die blouligbende moontlik by Cowan se skietdood betrokke was.

Volgens Vos is die N12-snelweg die blouligbende se speelgrond waar hulle gereeld toeslaan. Hy noem dat voorvalle in die verlede waarby die blouligbende betrokke was, 'n soortgelyke modus operandi as die Cowan-voorval toon.

Die polisie het oorspronklik die dossier vir 'n geregtelike doodsondersoek aangelê, maar dit is later na een van moord verander, het Netwerk24 vroeër berig.

**LEES OOK | Saak van moord nou ondersoek ná dood van Middelburgse sakeman**

Die polisie het die familie aanvanklik ingelig dat Cowan sy eie lewe geneem het, waarna die familie Specialised Security Services gekontak het om die saak te ondersoek.

"Hulle het sterk daaroor gevoel dat Cowan nooit so iets sou doen nie," sê Vos.

Die taakspan ondersoek nou die saak saam met die polisie.



Cowan (49) se lyk is op Sondag 16 Junie vroegoggend in dié wit Hilux-bakkie by die Snakeweg-afrit op die N12-snelweg in Benoni aan die Oos-Rand gevind. Foto: Verskaf

’n Tweede lykskouing is intussen gedoen, wat bevestig het dat Cowan twee skietwonde opgedoen het – een in sy maag en een in sy ribbekas.

Cowan se selfoon, skootrekenaar en vuurwapen was nog in die bakkie. Slegs sy beursie, waarin sy identiteitskaart, kontant en bankkaarte was, was weg.

Daar is ook drie patrone in die vuurwapen se magasyn gevind en drie patrone in die bakkie. Die magasyn kan 10 patrone vat. Die vier oorblywende patrone is nog nie gevind nie, het Vos vroeër gesê.

Die polisie het forensiese ondersoeke op die bakkie en vuurwapen gedoen en het reeds al die nodige vingerafdrukke geneem.

Kol. Noxolo Kweza, polisiewoordvoerder, kon by navraag geen nuwe inligting oor die ondersoek verskaf nie.

Cowan was ’n direkteur van die mynmaatskappy Genet Mineral Processing in Middelburg.

Soos vroeër berig, is hy die Saterdag (15 Junie) na een van die maatskappy se myne in Vanderbijlpark ontbied. Hy was op pad terug van Vanderbijlpark na Middelburg toe die voorval plaasgevind het.

Volgens inligting wat die taakspan tot hul beskikking het, het Cowan op die N12-snelweg – op pad na Middelburg – skielik rem getrap. Die bakkie het vir een minuut stilgestaan voordat die voertuig omgedraai en in die rigting van Delmas en Springs beweeg het.

Die bakkie en Cowan se lyk is toe oomblikke later op die Snakeweg-afrit gevind. Die bakkie het na bewering nog geluier.

Cowan se troosdiens is op 27 Junie in die Corpus Christi-kerk in Middelburg gehou. Hy word deur sy vrou, Lunilda, en twee kinders oorleef.


VERWANTE ARTIKELS



3 vermeende lede van blouligbende aan Wes-Rand vasgetrek



Ame
sterf

LEES MEER OOR:

BLOULIGBENDE
MIDDELBURG
MOORD
JOHAN COWAN
BENONI
N12

KOMMENTAAR
MY PROFIEL